Bybel vir Kinders

bied aan



Goeie Konings, Slegte Konings

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus; Alastair Paterson
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Dit was 'n hartseer dag vir Manasse. Sy pa, Koning Jehiskia is pas oorlede. Hy is net twaalf jaar oud en Manasse was die nuwe koning oor God se volk in Juda. Hy het dit nie geweet nie maar Manasse sou vir 55 jaar Koning wees. Manasse het God se hulp nodig gehad om 'n goeie koning te wees.

Manasse het God geignoreer en slegte dinge gedoen. Manasse het altare vir die gode gebou om te aanbid. Hy het selfs 'n beeld laat kerf en die in God se heilige Tempel gesit! God het gesê deur Moses,

"Jy sal geen gesnede beelde maak nie. Jy sal jou voor hulle nie neerbuig en hulle dien nie."

Manasse het toordery en goëlery beoefen. Hy het die mense van God af weggelei. Die koning het selfs sy seuns geoffer aan die gode. Manasse se ongehoorsaamheid het God baie kwaad gemaak.



Wanneer die volk Hom ongehoorsaam is laat God dit toe dat hulle gestraf word. Dit is wat met Manasse en die mense wat hy regeer het gebeur het. God het die Assiriese soldate gebring oor hulle en hulle het Manasse weggelei in kettings na Babylon.



Manasse het swaar gekry in Babylon en gepleit by die HERE sy God. Hy het homself verootmoedig voor die God van sy vaders en het Hom aanbid. Niks meer aanbidding van gode nie! Sou die lewende God Manasse antwoord na al sy slegtigheid.

Ja! God het die koning se gebede gehoor en hom terug gebring na Jerusalem, terug na die koningskap. Hy was weer koning van die volk. Manasse het toe geweet die HERE is God.

Koning Manasse was 'n nuwe mens. Hy het die afgode uit God se temple geneem en het al die vreemde gode bymekaar gemaak in Jerusalem. Hy het alles weg gegooi. Hy het die altaar van die HERE reg gemaak en dank offers geoffer. Hy het die volk beveel om die HERE God van Israel te dien. Wat 'n verandering in Manasse!

Met Manasse se dood het sy eie seun Amon teruggekeer na afgode dien. Hy het homself nie verootmoedig voor die Here soos Manasse nie. Amon het al hoe meer sonde gedoen en sy slawe het hom vermoor in sy eie huis. Hy het net twee jaar regeer.



Die volgende koning was Josia en hy was net agt jaar oud. Hy het 31 jaar regeer want hy het gedoen wat goed is in God se oë. Hy het alle valse gode vernietig en gode aanbidding verbied. Josia het al die gode fyn gemaal soos poeier.

Die goeie koning Josia het ook die Tempel van God skoon en reg gemaak. Tussen die gemors het 'n priester die Wetboek wat die HERE aan Moses gegee het gekry.

Wanneer die koning die woorde van die Wet hoor het hy sy klere geskeur van hartseer. Josia het geweet hoe verskriklik sleg sy voorgangers was deur God se Wet ongehoorsaam te wees.

'n Profetes Hulda het God se boodskap aan Josia gegee. "So sê die HERE, 'Kyk ek bring 'n onheil oor die plek en vervloeking soos geskryf in die boek omdat hulle my verlaat het.'" Omdat Josia nederig en gehoorsaam was sal dit nie gebeur tot na sy dood nie.



God het Josia gehelp om die volk terug te lei na die HERE. Eendag terwyl Josia sy soldate gelei het in 'n geveg was hy ernstig gewond deur 'n vyandige skutter. Sy diensknegte het hom in die strydwa huistoe geneem na Jerusalem waar hy gesterf het. Al die mense het getreur en het liedere gesing oor die goeie Koning Josia.



Kort na sy dood het die koningskap geëindig. Eendag sal 'n koning weer regeer oor Israel. Hy is DIE KONING VAN ALLE KONINGS EN HEER VAN ALLE HERE. Toe Jesus Christus die eerste keer gekom het was Hy verwerp en gekruisig. Wanneer Jesus Christus weer kom sal Hy nie net Koning wees van Israel nie maar van die hele wêreld.

Goeie Konings, Slegte Konings

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

2 Kronieke 33-36

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16